In seisoen een is G1-moere geplant, terwyl G2- en G3-moere in onderskeidelik seisoen twee en drie geplant is. Besproeiing is vir al drie aanplantings geskeduleer vir twee ure, drie dae per week. Die aanplantings is nat gehou om enige patogeenteenwoordigheid te ondersteun ten einde die kanse vir opsporing te optimaliseer.

Aanplantings is deurlopend deur die medewerkers gemonitor sodat enige siektesimptome en afwykings voortydig geïdentifiseer, aangespreek en getoets kon word, sou dit verdag wees vir die teenwoordigheid van *R. solanacearum*. Na loofafsterwing is die aanplanting bemonster deur 110 knolle per blok te neem (een knol per plant, elke 3 m). Die knolle per blok is apart getoets deur uitplating op semi-selektiewe media by Plantovita, ná 'n inkubasietydperk van 14 dae by 30°C.

Oorlewing van *R. solanacearum*

Die onkruidmonsters wat by die perseel geneem is het negatief

Die letsels wat deur miere gelaat is, kom duidelik met die verwelkte halms ooreen.

getoets vir die teenwoordigheid van *R. solanacearum* en per implikasie vir die ander spesies in die groep. Die aanplantings was tydens besoeke gesond en slegs in die derde seisoen is simptome van vroeë roes toenemend waargeneem.

'n Interessante waarneming is gemaak toe eensydige verwelking van plante in die eerste plantseisoen, by 'n aantal plante raakgesien is. By nadere ondersoek is gesien dat miere aan die plante vreet – tot so 'n mate dat die plante verwelk. Die letsels wat deur die miere gelaat is, het duidelik met die verwelkte halms ooreengekom.

Geen *R. solanacearum* of enige ander spesies wat deel is van hierdie genus, is gedurende die verloop van hierdie projek geïsoleer nie. Nie net die statistiese knolmonsters is getoets nie, maar ook verdagte plante, onkruid en knolle met enige vreemde simptome.

Weersomstandighede

Die afgelope 15 jaar ná die vorige aartappelaanplanting, waartydens die perseel braak gelê het, het 'n verskeidenheid seisoene voorgekom. Dit sluit in uiterste hitte gedurende die somer van 2016 toe die hoogste temperatuur (42.7°C) in Pretoria aangeteken is. Die seisoen was gekenmerk deur droogte en hitte. Gedurende die somer van 2006 was die hoogste aangetekende reënval vir Pretoria, 300 mm in Januarie 2006. Net so was die mees onlangse twee jaar se reënval hoog.

Die perseel en die tipe organismes wat daar voorgekom het, was dus blootgestel aan uiterste hitte, maar ook tye van genoegsame reënval en vog. Laasgenoemde ondersteun enige populasie van die bakterieë, terwyl die aanname is dat bakteriese getalle sou daal in tye van rekord temperature en droogte. Hierdie seisoenale tendense is in baie produksiegebiede nie abnormaal nie en verteenwoordig dus 'n tipiese tydperk in die heersende klimaat.

Alhoewel die plant van aartappels vir drie agtereenvolgende seisoene nie die norm behoort te wees nie, word verwag dat dit bakteriese populasiegroei sal ondersteun en opspoorbaarheid sal vergemaklik. Tog is geen isolasies gemaak nie.

Gevolgtrekking

Na aanleiding van hierdie ondersoek, is tot die gevolgtrekking gekom dat daar steeds nie 'n plafon vir die oorlewing van *Ralstonia* is nie en kan daar dus steeds nie met sekerheid gesê word hoe lank hierdie patogeen wel in die grond kan oorleef nie.

Wat wel duidelik is, is dat die agt-jaar verbod op aartappelverbouing ná die voorkoms van *Ralstonia*, realisties is en dat dit onder geen omstandighede verkort mag word nie. Sou ander klimaatsomstandighede heers en dit voordelig wees vir die patogeen, is dit nie onmoontlik dat die oorlewing wel langer as nege jaar mag wees nie.

Vir meer inligting en verwysings, kontak Anel Espach by 012 819 8106, 082 313 1885 of anel@plantovita.co.za.

Faktore wat aartappelmotinfestasies beïnvloed

Deur Diedrich Visser, LNR Groente-, Industriële en Medisinale Plante (ARC-VIMP)

Gedurende die somer van 2022/23 het die aartappelmot (*Phthorimaea operculella*) hewige infestasies in sommige aartappelverbouingsareas veroorsaak, veral in die noordelike en noord-oostelike gebiede. In sommige gevalle is larwes van *Tuta absoluta* in groot getalle in aartappellande opgemerk. Beide die aartappelmot en *Tuta* se larwes is myners – aartappelmot tonnel of myn in die lower en in knolle in die grond en store, terwyl *Tuta* slegs die lower aanval.

Die aartappelmot is een van die belangrikste insekplae vir die aartappelbedryf, en val ook tamaties aan. *Tuta* is wêreldwyd dié belangrikste plaag op tamaties, en val ook aartappels aan. Elkeen van hierdie twee plae het dus 'n voorkeurgewas waarop hulle die vinnigste aanteel – aartappelmot verkies aartappels en *Tuta* verkies tamaties. Die faktore wat betrokke is by die groot getalle *Tuta* in aartappellande, is nog onbekend.

Eksterne faktore

Die skadelikheid van die aartappelmot word in die meeste gevalle bepaal deur eksterne faktore. Hierdie faktore, wat soms tussen jare en selfs tussen verskillende gebiede wissel, is gewoonlik die hoofrede hoekom die mot se skadepotensiaal so onvoorspelbaar is. Dieselfde gebied (of plaas) kan opeenvolgende jare van ernstige en minder ernstige oesverliese ondervind.

Dit is dus belangrik om kennis te neem van moontlike faktore wat op spesifieke plase en/of gebiede 'n rol kan speel en die skadepotensiaal van die aartappelmot kan beïnvloed.

Van hierdie faktore sluit in:

- Weerstand teen insekdoders.
- Weersomstandighede.
- Bronne van infestasie.
- Die geneigdheid van gronde om te kraak.
- Verbouingspraktyke wat gebruik kan word om al genoemde faktore te beïnvloed.

Weerstand teen insekdoders

Die opbou van weerstand teen insekdoders is 'n algemene verskynsel by vele plae op verskeie gewasse. Weerstand is egter nie altyd die rede vir swakker beheer nie. Soms speel weerstand glad nie 'n rol nie en soms is die gebruik van verkeerde middels/bymiddels of verkeerde/swak toedieningspraktyke eerder die rede vir verlaagde effektiwiteit van middels.

> Elkeen van hierdie twee plae het dus 'n voorkeurgewas waarop hulle die vinnigste aanteel – aartappelmot verkies aartappels en *Tuta* verkies tamaties.

Die enigste manier om weerstand te bewys is om motpopulasies in spesifieke gebiede te versamel en dit met 'n bekende, vatbare populasie in 'n laboratorium met erkende metodes te vergelyk. Indien 'n hoë graad van weerstand gevind word met 'n spesifieke geregistreerde middel op 'n spesifieke plaas, moet daardie middel op daardie plaas tydelik vervang word met 'n ander middel in 'n ander weerstandsgroep.

Omdat produsente in 'n spesifieke omgewing (of produksiegebied) nie altyd dieselfde middels teen dieselfde dosis of tempo gebruik nie, mag verskille in weerstand tussen plase voorkom. Dit is dus raadsaam om versigtig gevolgtrekkings te maak rakende weerstand teen 'n spesifieke middel wat al die produsente in 'n produksiegebied mag raak.

Bronne van infestasie

Dit is bekend dat warm en droë weersomstandighede die aartappelmot bevoordeel. Onder sulke omstandighede teel die mot vinniger as gewoonlik aan en sal motte in hoër getalle in landerye voorkom. Lang tydperke met warm en droë toestande, soos tydens droogtes, het al in die verlede gepaardgegaan met abnormale hoë motinfestasies. In sulke tye moet produsente voorbereid wees en alle verbouingspraktyke wat motgetalle kan verminder, opskerp.

Bronne van infestasie kan moontlik die belangrikste rede wees vir onverklaarbare hoë infestasies, veral vroeg in die seisoen. Gedurende grondvoorbereiding is daar geen motte in landerye teenwoordig nie. Indien die produsent korrekte wisselbou toepas, sorg dat daar geen opslag of onkruide (in die aartappelfamilie) op bewerkte gronde voorkom nie, en

Aartappelmotlarwes maak blaarmyne in lower, maar myn ook in knolle onder die grond.

geregistreerde saad met min of geen motbesmettings plant, dan moet die motte wat hewige infestasies veroorsaak, van buite af invlieg.

Die eerste motgenerasie wat op die nuwe land voorkom se getalle sal só laag wees, dat hulle nie opgemerk word nie. Die daaropvolgende generasies sal egter oorvleuel (motte, eiers, larwes en papies sal gelyktydig voorkom) en eksponensieel toeneem totdat 'n piek bereik word voor of tydens loofafsterwing. Dit is dan wanneer infestasie van knolle onder die grond toeneem.

Krakies as toegangskanale na knolle

Die infestasie van knolle onder die grond kan slegs plaasvind as daar krakies in die grond voorkom. Motlarwes tonnel nie self deur die grond nie en tonnel nie binne halms af na knolle onder die grond nie. Die eerste instarlarwes van die aartappelmot is die infesterende stadium en omdat hulle geweldig klein is (< 0.2 mm in deursnee), kan hulle met mikroskopiese krakies afbeweeg na knolle onder die grond. Hierdie krakies, wat nie met die blote oog sigbaar is nie, word gevorm deur gronde wat uitdroog ná besproeiing of reën, en deur voortdurende knolset gedurende die tweede helfte van die seisoen.

Die krakies wat deur knolset veroorsaak word, lei gewoonlik direk na die knolle. Afhangend van die tipe grond, sal krakies dus omtrent altyd teenwoordig wees wanneer die knolle op hul vatbaarste is vir infestasies. Hoe vlakker die knolle onder die grond gedra word, hoe makliker sal infestasies deur die motlarwes plaasvind.

Knolinfestasies tydens loofafsterwing dra by tot hewige oesverliese.

Voordelige verbouingpraktyke

Indien vermoed word dat die aartappelmot weerstand teen spesifieke insekdoders toon, kan daardie middel/s uit 'n spuitprogram onttrek word. Die beginsels van die Insecticide Resistance Action Committee (IRAC) (*irac-online.org*) moet deurentyd gebruik word om weerstand by middels te beperk. Daar moet egter op gelet word dat swak beheer nie noodwendig 'n aanduiding is dat weerstand by die mot voorkom nie. Ander faktore, soos bespreek, moet ondersoek word.

Die bronne van die eerste motte van die seisoen vir 'n spesifieke plaas of gebied, moet vasgestel en uitgeskakel word. Potensiële bronne van infestasie wat ondersoek moet word sluit in opslag en uitskotknolle wat in vorige geoeste lande en afvalhope waar aartappels gestort word, agterbly. Feromoonvalle kan gebruik word om te bepaal waar motte wat nuwe lande kan besmet, voorkom.

Indien daar 'n keuse is, moet nuwe lande so ver as moontlik vanaf 'n vorige geoeste land geplant word. Opslag kan beheer word, maar uitskot en/of klein knolle wat op die grond of net onder die grond voorkom, is soms moeilik om op te spoor. Enige afvalhope moet binne nege dae na storting met 'n grondlaag van ten minste 50 cm bedek word, om te verhoed dat volgroeide larwes tot op die grondoppervlak ontsnap en papies maak.

Pogings moet aangewend word om te verhoed dat aartappelmotlarwes die aartappelknolle onder die grond bereik. Eerstens moet die getalle van die infektiewe, eerste instarlarwes gedurende die knolsettydperk tot met loofafsterwing, laag gehou word met doeltreffende spuitprogramme.

Tweedens moet krakies in grond verminder word deur korrekte operdtegnieke. Laasgenoemde sal voorkom dat knolle te vlak gedra word en ook walle herstel na swaar reënbuie en verspoelings. Enige ander aksies wat die produsent in lande neem om krakies te verminder of te seël, selfs na loofafsterwing, sal toegang van larwes tot knolle beperk.

Derdens moet produsente, indien dit moontlik is, nie knolle vir lang tye in die grond los voor oes nie. Motte wat na loofafsterwing in lande teenwoordig is, sal hul eiers op die grond en op blaarreste lê. Hoe langer gewag word voor oes, hoe meer tyd sal larwes wat uit hierdie eiers broei hê om die knolle te bereik en te infesteer.

Ten slotte

Insekdoders is meestal doeltreffend onder normale pesdruk. Sodra getalle die hoogte in skiet, of as beheer oënskynlik as gevolg van faktore soos elders bespreek nie meer werk nie, moet verbouingspraktyke ondersoek word.

Motte kan nie lande infesteer as daar nie 'n bron van infestasie is nie. Knolle onder die grond kan nie geïnfesteer word as die larwes nie die knolle kan bereik nie. As al die bogenoemde faktore ondersoek was en die verbouingspraktyke in orde blyk te wees, kan weerstand by die mot teen insekdoders vermoed word.

Vir inligting, kontak dr Diedrich Visser by dvisser@arc.agric.za.

GEVORDERDE GROEN CHEMIES BEHEER VAN VROË- EN LAAT-ROES OP AARTAPPELS

Agri-Cure SP™ Fungicide

GESKRYF DEUR
CLOETE ROSSOUW & JONATHAN ETHERINGTON

Vroë-roes (*Alternaria solani*) en Laat-roes (*Phytophora infestans*) op aartappels is een van die grootste uitdagings wat ons produsente in die gesig staar as dit by die verbouing van kwaliteit aartappels kom. Wêreldwyd is vroë- en laat-roes die mees prominentste probleem wat talle aartappel boere in die gesig staar. Om hierdie geharde siektes hok te slaan, word verskeie swamdoders om die beurt gebruik. Dit het nie altyd die gewenste siekte-beheer nie en laat ook soms residue agter. Hiervoor het ons by MBFi groen chemie tegnologie ontwikkel om hierdie siektes suksesvol te bekamp. Hierdie groen chemie tegnologieë is in die vorm van Agri-Cure SP.



Agri-Cure SP is 'n hoogs effektiewe kontak swambeheermiddel met beide swamdodende- en swamweerende-eienskappe. Agri-Cure SP lewer ook goeie genesingseienskappe wat gevestigde infeksies sal veroorsaak. Groen chemie is die beste antwoord op die wêreldwye regulering van plaagbeheeroorskot in die voedsel sektor. Hierdie groen chemie is effektief om geteikende siektes te beheer en goeie nawerkingstye te gee sonder oorskot. Agri-Cure SP is 'n AAAV-aktief (Algemeen Aanvaar as Veilig) wat beteken dat Agri-Cure SP 'n 0-dag weerhoudingsinterval het. Die halfleeftyd van Agri-Cure SP op die plant hang af van verskeie omgewingstoestande, maar die aktiewe bestanddeel het byna 25 dae se aktiwiteit op die gewas.

Agri-Cure SP is 'n kombinasie van metaalbikarbonaat, bevogtigingsmiddels en deurnattingsmiddels. Die aktiewe bestanddeel, kaliumbikarbonaat, is aan die einde van 2021 deur die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling vir gebruik as 'n swamdoder onder Wet 36 van 1946 geregistreer op aartappels.

HOE WERK AGRI-CURE SP?

Met Agri-Cure SP het ons kontak en genesende swamdoder eienskappe as gevolg van sy veelvuldige werkingswyses. Die swamdodende en swamweerende werking is as gevolg van vyf afsonderlike werkswyses:

1. HIPERTONIESE DEHIDRASIE

Hipertoniese dehidrasie werk om die patogeen en spore te laat afsterf (swamdodend). Alle selle verkies om in 'n toestand van ewewig met hul omgewing te wees, waar die osmotiese druk in die sel gelyk is aan dié van hul omgewing (isotoniese toestand). In hierdie toestand is daar geen beweging van water in of uit die sel nie. Agri-Cure SP skep 'n hoë osmotiese druk op die blaaroppervlak in die omgewing van die sel wat lei tot die beweging van water uit die patogeen en spore wat sel-dehidrasie tot gevolg het. Deur die sel te dehidreer is daar geen lewenskragtigheid meer in die sel oor nie.

2. OSMOTIESE GRADIËNTVERSTEURING

Onder gunstige omgewingstoestande ontkiem swamspore. Tydens hierdie proses absorbeer die spoor water deur sy selwand om groei te bewerkstellig. Die selwand groei aanvanklik as 'n sferiese struktuur en vanaf die selwand van die spoor bult 'n kiembuis uit. By die groeipunt strek die selwand voortdurend om 'n lang hipale-buis te produseer. Die sitoplasma binne in die apikale-sone is gevul met talle organelle. Vir hierdie wandvesikels om die selwand te bereik is sitoplasmiese beweging van kritieke belang. Sitoplasmiese beweging is afhanklik van 'n osmotiese-potensiaalgradiënt binne in die hifes.

Na Agri-Cure SP se toediening is die osmotiesedruk aan die buitekant van die hifes groter as die osmotiesegradiënt wat in die hifes is. Dit lei tot die versteuring van die hipale groei en spoorontkieming (swamweerend).

3. DIE EFFEK VAN AGRI-CURE OP PH

Die interne en eksterne pH-vlakke beïnvloed verskeie belangrike strukture en funksies van swamme. Streng beheer van sitosoliese- en organel-pH is van kritieke belang vir lewensvatbaarheid van selle. Swampatogene verkies meestal 'n suur omgewing, want by hoë pH-vlakke word proteïne en ensieme afgebreek. Lipiede (vette, olies en hormone) word ook gehidroliseer sowel as DNS-bindings word gedissosieer. Agri-Cure SP verskuif die pH-balans na 8.4 wat die metaboliese veranderinge in 'n swampatogeen veroorsaak en groei staak (swamweerend).

4. METIELKARBONAAT-FILM

Sodra Agri-Cure SP in kontak kom met die oppervlakte van 'n betrokke plantgewas, sal die produk met die gewasoppervlakte begin reageer soos 'n blaarvoeding. Die reaksie vind plaas tussen die kaliumbikarbonaat in AgriCure SP en die ontblote metielgroepe van die waslaag op die lug-/blaarintervlak van die plant. Die reaksie lyk soos volg:



Figuur 1: Die reaksie tussen kaliumbikarbonaat en die waslaagmetielgroep om metielbikarbonaat te vorm.

Deur die reaksie word die metielgroep gekarboniseer en die bikarbonaat-ioon word in die hidrofobiese waslaag geïntegreer. Nie net het dit 'n voordeel vir reënvastheid nie, maar verduidelik ook die aanhoudende werking van Agri-Cure SP tot en met 25 dae na toediening. Die reaksie neem 12 ure om te voltooi. Die geïntegreerde bikarbonaat-ioon veroorsaak dan dat die plantoppervlak se polariteit meer negatief word wat dan 'n natuurlike swamafweereienskap tot gevolg het aangesien meeste swamspore ook negetief gelaai is.

5. DIE ANTIMIKROBIESE BYMIDDELS VAN AGRI-CURE SP

Die byvoegmiddels wat bevogtiging en deurnatting bewerkstellig het ook die vermoë om mikrobes op die plantoppervlak te onderdruk. Die byvoegmiddels bestaan uit oppervlak-aktiewechemikalieë (surfactant) wat deur die selmembraan van mikrobes kan penetreer en sodoende die selwand laat lek.



Figuur 2: Die penetrasie van Agri-Cure SP se oppervlak-aktiewes deur die selmembraan.

VELDPROEF DATA VAN AGRI-CURE SP

Vroë-roes:

In ons veldproewe die afgelope paar seisoene in Polokwane en Christiana het ons Agri-Cure SP op die proef gestel teen die vernaamste opposisie dithiokarbamate, dithiokarbamate en kaliumfosfiet kombinasie sowel as Mancozeb. Hierdie proewe teen hewige kompeterende chemikalieë het vir ons gewys dat ons groen chemie tegnologie in Agri-Cure SP kop en skouers bo die res in die industrie uitstaan. Die volgende proef resultate skets die resultate teen vroë-roes:



Grafiek 1: Beheer van vroë-roes op aartappels deur Agri-Cure SP

Laat-roes:

Vanuit die data kan daar gesien word dat oor 'n tydperk van 21 dae Agri-Cure SP werking bied en beter skade beheer toepas teenoor die industrie standaard. Die maksimum werking word gesien met 5.0 kg/ha na 28 dae waar Agri-Cure SP die patogeen skade met tot 75% verminder. Die volgende resultate was behaal teen laat-roes:



Grafiek 2: Beheer van laat-roes op aartappels deur Agri-Cure SP



In Figuur 1 kan die visuele effekte gesien word waar 1. Agri-Cure SP teen 2.5 kg, 2. Agri-Cure SP teen 5.0kg/ha en 3. Mancozeb teen 2 kg/ha aangewend teen Laat-roes (Phytophora infestans) op geïnokuleerde aartappelblare.

In Figuur 2 word die invloed van Agri-Cure SP as vervanger van kontak standaard aktiewes wat tans in die veld gebruik word in die spuitprogram uitgebeeld: 1. Standaard 1, 2. Standaard 2, 3. Agri-Cure SP.

Die bogenoemde data toon duidelik aan dat die groen chemie alternatief wat MBFi bied kan kers vashou met die harde chemie wat die industrie tans gebruik. Hierdie resultate wys die uitstekende sinergistiese werking tussen die uitklop- en kontak-aksie van die Agri-Cure SP. Die hipertoniese dehidrasie en Metielkarbonaat-film vorming van die Agri-Cure SP verseker dat enige infeksie van vroë- en laatroes onmiddellik in die kiem gesmoor word. Goeie sinergistiese werking tussen innoverende groen tegnologie verseker optimaale prestasie en vir ons boere die beste patogeenbeheer.

Agri-Cure SP - Ai: 850 g/Kg Potassium Bicarbonate - Reg No: L 8549 Act 36 of 1947 – Registered and trademarked of N Laboratories (PTY) LTD – Marketed and distributed by MBFi (PTY) LTD

Increase elemental nutrient uptake and efficiency with Cosmocel

By Wilhelm Schultz, technical co-ordinator, Cosmocel SA

The collective global understanding of plant nutrition has changed significantly in the past decade. This can be attributed to ground-breaking new research indicating that the nutritional requirements of plants can be almost completely fulfilled through healthy soil and, most importantly, the interactions between the plant, soil and the microbiome. The latter refers to the bacteria and fungi living in symbiosis within the plant as well as the rhizosphere.

Boost resistance and soil health

The overindulgent use of chemical fertilisers desensitises the activity and reactivity of the plant as well as the microbiome. Much like the human microbiome, the plants' interactions with natural living organisms dictate key reactions and effects on overall health. By enhancing the natural functions of plants, producers can increase natural resistance to diseases and pests and improve soil health, all while reducing financial and labour inputs.

Cosmocel's strategy for potato production aims to increase carbon nutrition while supplying the plant with accessible nutrients and energy. Increased carbon nutrition initiates the plant's resistance to stress and amplifies energy levels.

When supplying highly active carbon factions to the plant and soil environment, bacterial activity is elevated. This stimulates the release and uptake of elements and metabolites from the bacteria to the plant.

Invest in higher-yielding crops

Cosmocel's flagship products, H-85® and Biocel®, increase the plant- and soil-available carbon with specific carbon metabolites and plant phytohormones. Mainstay Ca®, Mainstay Mg® and Cosmoroot® use unique technology to increase the uptake and efficiency of elemental nutrients, even in limiting conditions.

Complementing elemental nutrients with organic compounds, these products increase the uptake, movement, assimilation and metabolism within the plant, resulting in higher-yielding crops with improved quality.

To find out more, contact Wilhelm Schultz of Cosmocel SA at 061 902 0139 or wschultz@cosmocel.co.za.

POTATO

SOIL APPLIED (Pivot or high volume boom spray)

Weeks after emergence	PLANTING	1	3	5	7	9	11	13	TOTAL KG/L PER HA
BIOCEL	1 L/Ha								1 L/Ha
COSMOROOT	4 Kg/Ha								4 Kg/Ha
BARRIKAT	2 L/Ha								2 L/Ha
H-85		1 Kg/Ha	1 Kg/Ha	1 Kg/Ha	1 Kg/Ha	1 Kg/Ha	1 Kg/Ha	1 Kg/Ha	7 Kg/Ha
MAINSTAY CALCIO		4 L/Ha	4 L/Ha	4 L/Ha	4 L/Ha	4 L/Ha	4 L/Ha	4 L/Ha	28 L/Ha
MAINSTAY MAGNESIO		2 L/Ha	2 L/Ha	2 L/Ha	2 L/Ha	2 L/Ha	2 L/Ha	2 L/Ha	14 L/Ha

COSMOCEL®

NUTRITIONAL PROGRAM

BENEFITS:

1. **Increase yield potential** by increasing stems and tubers
2. Promotes root **development and strong** growth
3. Depending on soil conditions and season, this program can supply the **majority of the plants Ca and Mg** requirements
4. Increases **soil health** and **stimulates microbial activity** and soil aggregation
5. **Increases quality and shelf life** of potatoes

For more information regarding this program, please visit out website **www.cosmocel.co.za** and get in touch with one of our representatives

The unlimited potential of waste potatoes: *We want your opinion*

By Dr Carmen Muller and Dirk Uys

Potatoes South Africa promotes excellence in research to ensure optimal production and usage of the exceptional product that we work with. To ensure that research outcomes are achieved over the various focus areas, external funding opportunities are often sought.

Potatoes South Africa, along with researchers at the University of Pretoria, were successful in obtaining research funding from the Department of Science and Innovation implemented by The Technology Innovation Agencies (TIA), Agricultural Bio-Innovation Partnership Programme (ABIPP). The project entitled 'Feasibility study of a new value chain for lower grade potatoes in the agro-processing industry' will focus on finding alternative uses for potatoes that do not meet minimum size, grade, or quality standards for the fresh produce market, or potatoes disposed of because of low market value due to overproduction, they are considered waste or 'cull' potatoes.

Initial phases

This novel project will follow a three-phased approach starting off with an in-depth market research study that will be conducted by the Bureau of Food and Agricultural Policy (BFAP). During this economic feasibility study the tonnage and monetary value, as well as nature of potatoes that are classified as losses and waste at various levels throughout the potato production chain, will be quantified.

This will entail detailed questionnaires conducted from farm to industry level to determine:

- How the industry role-player defines or views losses/waste.
- Points of loss/waste.
- Amount of loss/waste.
- Regional loss/waste.
- Seasonal loss/waste.
- Reasons for loss/waste.
- Current loss/waste uptake practices.
- Most common cultivars and sizes wasted.

Data obtained from this study can be used to determine the feasibility of secondary production systems at various points in the value chain, and to provide insight into the types of secondary industry that will provide maximum returns.

Product development phase

The feasibility study will be followed by an innovative product development project. The aim will be to create a new value chain for potatoes that are rejected for aesthetic reasons but still hold nutritional and economic value for human consumption. The developed products will comply with current market trends and will attempt to fill gaps in the emerging consumer market.

The main segments for development will be:

- Healthy snacking foods.
- Potatoes as a breakfast food.
- Potatoes as part of a ready-made frozen meal along with a protein component.

Creating a secondary market

The final portion of the project involves groundbreaking work to create a secondary market for potatoes that are not suitable for human consumption, but still hold nutritional and economic value. These tubers, although aesthetically unattractive, have the promising potential to be used as a substrate (feed) for high protein insects including black saw flies, crickets, and meal worms that in turn feed the poultry industry.

The project is proving to be highly relevant in the potato market and is on a trajectory to deliver valuable information and create secondary markets for the South African potato market.

We invite all role-players in the potato industry to partake in this research study and provide your valuable input with regards to waste potatoes. Please be on the lookout for the BFAP team who will be disseminating the questionnaire towards the middle of the year. If you would like to form part of the research project or receive more information please contact Dirk Uys at dirk@potatoes.co.za or Carmen Muller at carmen.muller@up.ac.za.

Suidwes-Vrystaat kultivarproef onder besproeiing op Petrusburg in 2022

Deur Enrike Verster en Anjé Erasmus, Aartappels SA, en Johan Odendal (produsent)

Die Suidwes-Vrystaat aartappelproduksiestreek produseer ongeveer 3% van die land se kommersiële aartappels op 1 473 ha. Die mees prominente kultivars wat vir kommersiële verbruik geproduseer word (tafel en verwerking) in die streek, se hoofoes is Sifra (80%), Innovator (9%) en Mondial (5%).

Petrusburg val in Suid-Afrika se droë kontinentale gebied (*Figuur 1*) en die plaas waarop die proef geplant is, ontvang die afgelope 22 jaar 'n gemiddelde jaarlikse reënval van 554 mm. Hierdie streek ervaar baie warm somers en koue winters, met ryp wat vanaf Junie tot Augustus kan voorkom. In 2017 is ryp selfs tot in November aangeteken.

Figuur 1: Ligging van Petrusburg in die Suidwes-Vrystaat produksiegebied.



Die kultivarproef by Petrusburg is in 'n ewekansige ontwerp met drie herhalings per kultivar uitgelê. *Tabel 1* verskaf relevante tegniese inligting rakende die proef. Grondmonsters is voor plant geneem om die grondvoedingstatus van die proefperseel te bepaal (*Tabel 2*).

Kultivars met kort en lang groeitydperke is in die kultivarproef ingesluit en derhalwe kan groeiperiodes die uiteindelike opbrengs van sekere kultivars beïnvloed. Die lengte van groeiperiodes is onderhewig aan die aard van die seisoen, maar word gesien as die hoeveelheid tyd wat verloop vanaf opkoms tot natuurlike loofafsterwe.

Tabel 3 gee 'n uiteensetting van hoe hierdie groeiperiodes van kultivar tot kultivar verskil.

Tabel 1: Opsomming van tegniese inligting rakende proefperseel en uitleg.

Plaas	**Lushof Boerdery, Theronskop**		
Produsent	Johan Odendal		
Plantdatum	25 Augustus 2022		
Oesdatum	20 Januarie 2023		
Besproeiing/droëland	Besproeiing		
Dubbel- of enkelrye	Dubbelrye		
Loofafsterwe	Chemies		
Tussenry-spasiëring	0.75 m		
In-ry spasiëring	28 cm		
Plantestand	39 685 plante/ha		
Bemestingsprogram	**Voedingswaarde**		
	N (kg/ha)	P (kg/ha)	K (kg/ha)
Totaal	296	142	154

Figuur 2: Reënval gedurende die 2022/23-seisoenen langtermyn gemiddelde reënval.



Figuur 3: Minimum- en maksimumtemperature (°C) gedurende die 2022/23-seisoen asook langtermyn gemiddelde temperature.



Plantgereedheid van moere ten tyde van die plant van die proef, sowel as standpersentasie en halmtelling wat later in die groeiperiode waargeneem is, word in *Tabel 3* aangedui.

Klas en sorteer

Die evaluering van nuwe kultivars soos in die Petrusburg-kultivarproef, verskaf resultate rakende onder andere opbrengs- en bemarkingsindeks. Die bemarkingsindeks van die betrokke kultivars word bereken deur elke kultivar te klas en sorteer volgens gehalte en groottegroepe, byvoorbeeld klas 1 Groot of klas 2 Groot-medium.

In hierdie proef word al drie herhalings bymekaargegooi, gewas en deur die pakstoor geklas en sorteer. Dienooreenkomstige prysvergelykings word dan gemaak met markpryse soos verkry ten tye van oes. Die prestasie van nuwe kultivars kan nie net op die resultate van een bepaalde seisoen geskoei word nie, aangesien klimaat en moergehalte van een jaar na die volgende kan wissel. Juis daarom word die kultivars verkieslik oor 'n aantal seisoene getoets.

Temperatuur en water

Soos met enige gewas is temperatuur, beskikbaarheid van water (hetsy goeie besproeiingskedulering of reënval), sowel as hitte-eenhede belangrike faktore wat 'n wesenlike invloed uitoefen gedurende die aartappelplant se groeitydperk. Hierdie faktore word dus in aanmerking geneem wanneer die prestasie van kultivars geëvalueer word. Vir hierdie proef is toepaslike daaglikse data van die betrokke seisoen vanaf 'n Hortec-weerstasie verkry wat op die plaas waarop die proefperseel geleë is, geïnstalleer is.

Langtermyndata word egter steeds verkry vanaf 'n Landbounavorsingsraad (LNR)-stasie, omdat die Hortec-weerstasie op die proefperseel nog nie lank genoeg funksioneer om langtermyndata te genereer nie. Die betrokke LNR-weerstasie waarvan die langtermyndata verkry is, is 9 km vanaf die proefperseel geleë.

Die reënvaltendens vir die 2022/23-seisoen (*Figuur 2*) het, soos wat die seisoen verloop het,

SAME EFFICACY WITH LESS Cu/Ha

COPPER, BUT BETTER.

Using **OROCOP™ Duo** at registered rates and water volumes results in **40% to 60% less** copper applied whilst maintaining a very **high level** of **efficacy**

OROCOP™ DUO



Use **OROCOP™ Duo** as a preventative disease control measure for **Early blight** *(Alternaria solani)* and **Late blight** *(Phytophthora infestans)* on potatoes

- **Flowable formulation**
- **Protective multi-site**
- **Contains 41.25% of OROWET® Technology**
  - No need for any other wetter

- **OROWET® Technology provides optimal protective film:**
  - Optimal adherance to plant surface
  - Excellent cover
  - Provides reservoir of copper ions
  - Controlled release of copper ions

POTATO LATE BLIGHT DISEASE CYCLE

WATCH NOW

#WedoCopperBetter

oroagri.co.za @oroagrisa @oroagrisa

OROCOP™ DUO contains 300 g/ℓ copper oxychloride and 170 g/ℓ metallic copper equivalent.
CAUTION | Reg. No L10953 (Act No. 36 of 1947) **OROCOP™ DUO** is a registered trademark of Oro Agri SA (Pty) Ltd (Reg. No 2001 / 027414 / 07) | P.O. Box 475, Somerset Mall, 7173 | Tel +27 21 850 0667 | Griffon Poison Centre +27 82 446 8946

ORO AGRI
— A ROVENSA COMPANY —

Tabel 2: Grondvoedingstatus van proefperseel voor plant.

Brutodigtheid (kg.m^{-3})	pH (KCl)	P (P-Bray I)	K	Ca	Mg	Na	% of KUK[1] K	Ca	Mg	Na
		(mg/kg)	(mg/kg)	(mg/kg)	(mg/kg)	(mg/kg)	%	%	%	%
1 304	4.6	12	158	222	68	6	19	53	27	1

[1]*KUK = katioon-uitruilkapasiteit*

Tabel 3: Karaktereienskappe rakende groeiperiode, plantgereedheid, stand (%) en halmtellings vir betrokke kultivars.

Kultivar	Groeitydperk (dae)[1]		Plant-gereedheid[2]	Stand[3] (%)	Halms per plant	Halms per ha
11Z49A1	Medium	(100)	1	100	2.3	91 276
11Z55A5	Medium	(100)	1	100	2.1	83 339
Belmonda	Medium	(100-110)	1	100	3.4	134 929
Connect	Lank	(120)	2	100	2.8	111 118
Foxy	Kort tot medium	(90-100)	2	86	4.5	95 562
Lanorma	Kort	(80-90)	1	100	2.8	111 118
Mondial	Medium tot lank	(110-115)	2	100	5.2	206 362
Noha	Medium	(100)	1	100	1.8	71 433
Noya	Kort	(80-90)	2	100	2.3	91 276
Panamera	Medium	(90-110)	3	100	3.8	150 803
Sababa	Medium tot lank	(110-115)	2	100	3.6	142 866
Sifra	Kort tot medium	(90-100)	2	100	4.7	186 520
Sound	Medium	(110)	1	100	6.3	250 015
Tyson	Kort tot medium	(90-100)	3	100	2.6	103 181

[1]*Algemene riglyne en kategorieë (dae vanaf opkoms tot natuurlike loofafsterwe, afhangend van die seisoen): Kort = 70-90 dae; Kort tot medium = 80-100 dae; Medium = 90-110 dae; Medium tot lank = 90-120; Lank = 90-140 dae.*
[2]*Plantgereedheid van moere: 1 = Vars; 2 = Effens vars; 3 = Plantgereed; 4 = Effens oud; 5 = Oud.*
[3]*Standpersentasie is bepaal deur te kyk na die herhaling van elke kultivar wat bestaan uit 36 plante per 10 m ry per plot.*

Tabel 4: Hoofredes vir afgradering tydens die 2022 Petrusburg-oes.

Kultivar	Los skil	Sandspleet	Antraknose	Mot	Misvorming	Vrot	Bruinskurf	Vergroening	Insek	Holhart	Bruinvlek
11Z49A1		x			x	x	x				
11Z55A5				x				x	x		
Belmonda											
Connect	x	x		x			x	x			
Foxy				x		x	x	x	x		
Lanorma	x			x	x					x	
Mondial		x		x	x			x			
Noha	x					x		x			
Noya	x			x		x		x			
Panamera				x				x			
Sababa					x	x		x	x		
Sifra	x			x		x					
Sound		x		x							
Tyson	x	x	x	x				x			x

Figuur 4: Hitte-eenhede 2022/23-seisoen asook langtermyn gemiddelde hitte-eenhede.



**Totale hitte-eenhede spesifiek bepaal vir aartappels (drumpeltemperatuur = 5°C) as gewas, bereken vanaf uurlikse data.*

Figuur 5: Totale opbrengs en bemarkingsindeks per kultivar as 'n persentasie van die proefgemiddeld.



**Waardes gevolg deur dieselfde letter is nie beduidend verskillend van mekaar nie.*

Figuur 6: Groottegroepverspreiding van elke betrokke kultivar.



kumulatief aansienlik meer reënval opgelewer as die langtermyn gemiddelde reënval. Veral in November is meer as dubbel die gemiddelde langtermyn reënval ervaar en Desember het ook uitermatig baie reënval ontvang.

Invloed van hitte-eenhede

Minimum- en maksimumtemperature word in *Figuur 3* uiteengesit. Die laaste sarsie ryp is op 13 September aangeteken, maar daar was geen melding van noemenswaardige rypskade aan die jong plante nie. Vir die hele groeiseisoen tot en met oesdag op 20 Januarie, is talle dae met temperature bo 30°C, maar slegs enkele dae in Oktober en Januarie naby oesdag met 'n maksimumtemperatuur van hoër as 35°C, aangeteken.

Die versameling van hitte-eenhede gedurende 'n groeitydperk is 'n belangrike faktor in die ontwikkeling van 'n plant. Die tendens van hitte-eenhede beskikbaar vir hierdie kultivarproef, was byna deurgaans laer as die tendens ten opsigte van die langtermyndata van hitte-eenhede (*Figuur 4*). Dit kan toegeskryf word aan die bogemiddelde reënval van die seisoen, wat baie bewolkte dae en dienooreenkomstig minder akkumulasie van hitte-eenhede meegebring het.

Die opbrengsindeks

Opbrengsdata wat tydens oesdag versamel is, word onderwerp aan statistiese verwerking met behulp van die GenStat®-program. Die Tukey-toets van kleinste betekenisvolle verskille (KBV) is gebruik om die gemiddelde te skei. Die kultivareffek gedurende hierdie betrokke proef (*Figuur 5*) was statisties beduidend ($p<0.05$) en die koëffisiënt van variasie was laag (9.5%). Hierdie faktore dui daarop dat die proef baie goed uitgevoer is en die resultate is derhalwe betroubaar.

Die opbrengs van elk van die kultivars word deur die proefgemiddeld gedeel (die proefgemiddeld van al die kultivars word as 100% geneem). Hierdeur word 'n opbrengsindeks geskep en word elke kultivar se prestasie in terme van opbrengs, as 'n

Gee jou aartappels *'n voorsprong!*

BAYER

EMESTO® SILVER



Gevorderde knolbeskerming vir:

- Beter groei
- Beter kwaliteit
- Beter opbrengs

Ons ondersteun jou met
GEVORDERDE GEWASBESKERMING

'n Vloeibare konsentraat sistemiese swamdoder vir die beheer van stamkanker en swartskurf op aartappels.

Met **Bayer** se nuwe swamdoder, **Emesto® Silver**, is die beskerming van jou aartappelgewasse teen stamkanker en swartskurf so maklik soos 1 – 2 – 3! Met **Emesto® Silver**, ondersteun ons jou om die beste kwaliteit, visueel-aantreklike en bemarkbare aartappels te produseer ten einde die volhoubaarheid en winsgewendheid van jou boerderybesigheid te verseker.

Kom ons gesels ... | @Bayer4Crops

Vir meer inligting, laai die Bayer-toepassing, BayerCropsSA af.

www.cropscience.bayer.co.za /// www.bayer.co.za /// Tel: +27 11 921 5002

Bayer (Edms.) Bpk Reg. Nr. 1968/011192/07. Wrenchweg 27, Isando, 1601. Posbus 143, Isando, 1600. **Emesto® Silver**. Reg. Nr. L11148 Wet nr. 36 van 1947.
Bevat Penflufen en Prothioconazole. **Emesto®** is 'n geregistreerde handelsmerk van **Bayer** AG, Duitsland. Gebruik slegs volgens etiketaanwysings.

A32512

Figuur 7: Gradering van elke kultivar gedurende finale oes.



Figuur 8: Prestasie van kultivars wat vir vyf jaar in die proef ingesluit was (uitgedruk as % van proefgemiddeld).



Koëffisiënt van variasie (KV %) is ingesluit op die grafiek: 'n Waarde wat in essensie die mate van verskil in prestasie in die spesifieke kultivar oor die aantal jaar, voorstel. Hoe groter die KV %-waarde, hoe meer wissel die kultivar se prestasie oor die aantal jare aangedui op die grafiek.

persentasie van die proefgemiddeld gelees.

Proef-opbrengste

Die gemiddelde opbrengs van die proef vir die 2022/2023-seisoen is 85.5 t/ha, wat aansienlik laer is as die proefgemiddeld van die vorige drie kultivarproewe (100 t/ha) by Petrusburg (2019 tot 2022). Die vorige drie seisoene het ver meer bogemiddelde opbrengste gelewer as vorige jare.

Die afgelope seisoen se ondergemiddelde prestasie kan toegeskryf word aan verskeie faktore. Die uitermatige reënval tydens knolvorming en -vulling het die plante onder stremming geplaas. Die etlike dae van oortrokke weer het tot verminderde fotosintese gelei en die nat en bewolkte toestande het 'n ideale klimaat geskep vir roes, waaronder baie van die plante gely het.

Die kultivars Foxy, Panamera, Sifra, Mondial, Lanorma, Belmonda, Sound en Noha het almal statisties die hoogste opbrengs gelewer (*Figuur 5*). Panamera en Lanorma het die hoogste bemarkingsindeks behaal, wat toegeskryf kan word aan 'n hoër opbrengs van groot knolle sowel as goeie gehalte in die betrokke kultivars.

Aspekte by bemarkbaarheid

Groottegroepverspreiding en gradering is onontbeerlike evaluasies wanneer gekyk word na 'n kultivar se bemarkbaarheid (*Figure 6* en *7*). Redes vir afgradering word in ag geneem wanneer die aartappels geklas word (*Tabel 4*). Die grootste redes vir afgradering was motte en

Tabel 5: Prosesseringseienskappe van kultivars. (Uitgevoer deur LNR-Roodeplaat)

Kultivar	Skyfiekleur[1]	SG[2]	Droëmateriaal (%)[3]
11Z49A1	50	1.066	17.2
11Z55A5	59	1.063	16.6
Belmonda	53	1.077	25.5
Connect	51	1.072	18.6
Foxy	57	1.075	19.2
Lanorma	56	1.069	17.9
Mondial	55	1.071	18.3
Noha	55	1.072	18.6
Noya	49	1.075	19.2
Panamera	55	1.069	18.0
Sababa	54	1.065	17.0
Sifra	49	1.063	16.7
Sound	55	1.064	16.9
Tyson	58	1.065	17.1

[1]Skyfiekleur met waarde >50 en sonder defekte is aanvaarbaar vir die droëskyfiebedryf.
[2]Soortlike gewig (SG) van ≥1.075 is aanvaarbaar vir die prosesseringsbedryf.
*[3]Die persentasie droëmateriaal is 'n berekende waarde: DM% = 24.182 + 211.04 * (SG-1.0988). Die werklike persentasiewaarde sal effens verskil tussen kultivars uit hierdie berekeningswaarde.*

vergroening, waarskynlik weens walle wat oopgespoel het as gevolg van baie reën. Dit het gelei tot 'n groter hoeveelheid klas 2- en klas 3-aartappels. Bruinvlek en holhart is in enkele kultivars opgemerk.

Soos die aard van seisoene is, fluktueer die prestasie van kultivars van seisoen tot seisoen. Dit is bloot omdat klimaat van een seisoen na 'n volgende nooit eenders is nie. Derhalwe is dit belangrik om konsekwente kultivarprestasie oor 'n aantal seisoene in ag te neem, pleks daarvan om besluite te skoei op net een seisoen se goeie prestasie. Sifra toon tans by uitstek die minste variasie vir 2017 tot 2022 in die Petrusburg-kultivarproef (*Figuur 8*).

Laastens, wanneer gekyk word na die interne kwaliteit van aartappels, kan prosesseringseienskappe ook geëvalueer word. Om te voldoen aan prosesseringsvereistes, moet kultivars aan 'n skyfiekleurnorm van >50 en 'n soortlike gewig (SG) van ≥1.075 voldoen (*Tabel 5*). Etlike kultivars het voldoen aan skyfiekleurvereistes en Belmonda, Foxy en Noya het aan die SG-vereistes voldoen.

Vir meer inligting, kontak Enrike Verster by enrike@potatoes.co.za of Anjé Erasmus by anje@potatoes.co.za.




WARM
WORKWEAR
MADE WITH PURPOSE. MADE TO PERFORM. MADE TO ENDURE.
JONSSON®
WORKWEAR
jonssonworkwear.com

An enabling environment for Eastern Cape small-scale producers

By Rendani Murovhi, transformation specialist, Potatoes SA

Potatoes are among the most consumed staple foods in the world. It is a common denominator in our national fresh produce markets while dominating the stalls at informal markets before making their way to many a hearty dish at household level.

Yet, despite its renowned health attributes and contribution towards economic development, the present constituency of potato growers remains skewed, with black producers accounting for only 1% of potato production in South Africa.

Development strategies aimed at improving inclusivity and increasing commercial growth among black producers require holistic collaboration efforts and broad-based developmental investment amongst transformation drivers, both public and private. Potatoes SA's small-grower projects are part of the developmental initiative geared towards increasing potato production knowledge, addressing food security issues, and providing tailormade recommendations on suitable potato cultivars.

In October 2022, four small-grower projects were planted in partnership with the Department of Rural Development and Agrarian Reform (DRDAR) in the Joe Gqabi district of the Eastern Cape. To showcase the project's performance and taking one more step towards empowering these growers, Potatoes SA in collaboration with local economic development agency, JoGeda, organised and hosted a farmer's information day on 30 March 2023 in Tsekong village near Maclear in Elundini municipality. The theme of the event focussed on a commodity-driven approach promoting and intensifying potato production.

Potatoes SA's transformation programme

The commercialisation of black small-scale potato producers and their progressive integration into the potato industry is one of Potatoes SA transformation mandates, presently addressed under four programmes: enterprise development, small grower development, farm-based training and tertiary skills development.

Sustainable potato production requires an extensive understanding of climate, soil, availability of seeds, irrigation water, power sources, and mechanisation. Most important is overall farm and crop management,

Ayanda Gqoboka, CEO of JoGeda (centre) with Vuyo Seteni, an agribusiness specialist at JoGeda to his right.

which has a direct impact on crop quality and yield. During the farmer's information day, Louis Pretorius, a Potatoes SA mentor, conducted a practical demonstration and interactive session to transfer practical skills relating to proper potato production and management. These components are all key learning points relating to sustainable potato production (*Figure 1*).

Stakeholder linkages and market access

The progressive growth within the farming sector, and its renowned contribution towards the country's gross domestic product (GDP), requires a holistic stakeholder approach and amalgamation of programmes aimed at strengthening the sector. One of the key values and roles of Potatoes SA is to strengthen stakeholder linkages and create an entry point for new producers.

Melinkqubo Ndabokutya of the Kei Fresh Produce Market in Mthatha, was one of the stakeholders present at the farmers' day. He unpacked some detailed information relating to market regulations, requirements, and price drivers. He strongly emphasised the importance of complying with

On the left is Melinkqubo Ndabokutya from Kei Fresh Produce Market and to the right is Nkanyiso Mahlaba from Frimax Foods, who addressed the attendees.

Figure 1: Components of sustainable potato production.

Louis Pretorius of Potatoes SA explaining some practicalities regarding potato production in the field.

From the right is potato producer Vumile Mzinze with Potatoes SA consultant and mentor, Louis Pretorius, and potato producer and mentor, Vuyani Kama.

grading and packaging standards if one wishes to enter the formal market.

Nkanyiso Mahlaba from Frimax Foods elaborated on their supplier development programmes for small-scale and commercial potato farmers, the enrolment criteria, market requirements, and cultivars. "What is important is to constantly produce best quality potatoes and ensure that your contractual obligations are met," he said.

Access to funding

Potatoes SA's transformation division was one of the stakeholders presenting information on potato production at the event. Rendani Murovhi, transformation specialist at Potatoes SA, elaborated in depth on the criteria and requirements of the organisation's enterprise development (ED) and small grower (SMG) programmes.

JoGeda CEO, Ayanda Gqoboka, shared information on their programmes, role and plans to develop and harness the economic benefits of the potato commodity in the Joe Gqabi district. Government and Elundini municipality representatives who were also present at the event, presented their developmental strategies that potato farmers can benefit from. Representatives of other developmental organisations such as the Eastern Cape Rural Development Agency and Eastern Cape Development Cooperation were also in attendance.

Access to mentorship

Mentorship and training are effective tools for skills transfer and equipping farmers with knowledge to enhance productivity and efficiency. Commercial farmers, production input suppliers, and extension services are some of the vital players fulfilling this role.

Vuyani Kama, a graduate of the Potatoes SA ED programme in Ugie in the Eastern Cape, is one of the commercial farmers providing voluntary mentorship and support to local smallholder and entry-level commercial potato farmers in the region.

Developing a strategy in the Eastern Cape

Potatoes as a commodity offers multiple economic opportunities that can address national issues such as unemployment, food security and industry reform. Reports show that per capita potato consumption in South Africa has increased remarkably in the last ten years, with the demand across the SADC region continually growing.

From an Eastern Cape perspective, this is also an opportunity to explore the intensification of smallholder potato production. The region has favourable climatic conditions including higher rainfall which makes it

Figure 2: United Nations' global sustainability goals.

ideal for rainfed potato production and reduced production costs. In addition, limited load-shedding challenges afford the area a competitive advantage.

What is next?

The shared objective of ensuring food security at local, district, provincial, and national level is a central and collaborative mission across South Africa as a whole.

Therefore, Potatoes SA has created new partnerships and strengthened existing partnerships in both the public and private sectors to ensure the sustainability of its transformation objectives.

Collaboration and partnerships aimed at sustainable enterprise development can bring about guided outputs by assisting projects with potential to expand and become economically viable potato growers.

There are a large number of initiatives currently on the ground providing support to potato farmers and addressing developmental needs. However, to ensure sustainability it is necessary to compliment the strength of each initiative, address the weaknesses, and reduce unnecessary replication. The United Nations' global development sustainability goals (*Figure 2*) should form part of all transformation initiative goals and can serve as a focal point for collaborations.

Ultimately, the Eastern Cape's potato developmental strategy hopes to unlock economic growth and employment opportunities, promote commercial farmers and support a vision of self-reliance and revitalised rural livelihoods.

For more information, contact Rendani Murovhi at rendani@potatoes.co.za.

Min tyd? Doen een van ons kort landboukursusse!

- Bokke.
- Plante.
- Pluimvee.
- Skape.
- Trekker bestuur.
- Varke.
- Vleisbeeste.

info@agriskills.net
012 460 9585
agriskills.net
Landbou-opleiding met 'n verskil

AGRIskills TRANSFER (Pty) Ltd

BUCKLE PACKAGING (PTY) LTD
Bag Closing Technology

STITCHING MACHINES

Designed to close a wide variety of industrial packaging materials including paper, plastic, woven polypropylene and jute bags.

Call us on:
+27 11 613 8024
email: info@bucklepack.co.za • www.bucklepack.co.za

HARVEST THE BENEFITS OF THE OCEAN

AFRIKELP™ BIOSTIMULANTS

promoting growth, quality and yield.

Where the water meets land ... there lies an ocean of benefits.

